

21 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 19:1-10

Fokusgedeelte: Openbaring 19:1, 3, 4, 6, 7

Die hemelse hallelujakoer klink op!

Daar is groot vreugde in die hemel! Die hallelujas klink oral op (vgl .die 1933/53-vert). Die groot menigte in die hemel roep dit uit (1-3, 6): “Halleluja, prys die Here.” Die 24 ouderlinge en die vier lewende wesens roep dit voor die troon van God uit: “Amen, Halleluja!” (1953-vert); “Amen! prys die Here!” (1983-vert). Die stem van die troon af het gesê: “Loof ons God, al sy dienaars, die wat Hom vrees, klein en groot!” (5)

Waaroor is daar so 'n groot vreugde in die hemel? Oor die val van Babilon, oor die oorwinning van die kragtige God oor die aartsverleidster en die verlossing wat Hy bewerk deur sy regverdige oordeel. Maar ook omdat die gelowiges weet hulle het saam met Hom oorwin! Daar styg 'n jubelsang op uit die ganse verlore skepping oor die magtige daad van God. Kan jy jou indink hoe mooi moes dit geklink het: 'n hemelse hallelujakoer wat opklink! Die weg is berei vir die wederkoms van Jesus Christus waarop daar so lank gewag is!

Wat nou volg, is die bruilofsfees, die bruilof van die Lam met sy bruid, sy kerk. Jesaja noem Hom reeds die Lam wat na die slagplek toe gelei word. Johannes die Doper noem Hom die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem. En so ook die bloed van die lam waarvan ons reeds in die Ou Testament herhaaldelik lees wat heenwys na die bloed van Jesus Christus wat aan die kruis vergiet sou word.

By elke nagmaalsviering gaan dit om hierdie hemelse Bruidegom, die Lam, Jesus Christus, Wie se bloed vergiet is ter betaling van al ons sondes. So gesien is elke Nagmaalsviering 'n hallelujakoer wat opklink uit elke gelowige se mond, uit dankbaarheid vir ons verlossing uit die magte van die duiwel en vir die verlossing wat Jesus Christus vir ons bewerk het. Wat 'n fees sal dit nie wees nie! Wat meer is: hierdie bruilofsfees sal nooit ophou nie en die jubeltone sal nie verdof nie! Die hallelujas sal ononderbroke bly opklink uit die monde van al God se kinders!

Ons kan nie wag dat Jesus moet kom nie! Ons sien daarna uit om met Hom verenig te word en so verlos te word uit hierdie sondige bedeling. Ons moet elke dag bid: “Kom Here Jesus, kom gou!” Is jy gereed om jou Bruidegom te ontmoet? Onthou, in beginsel het ons nou al reeds deel aan hierdie bruilofsmaal.

Sing: Skrifberyming 18-3:1-9

Ds Pieter J van der Walt (Emeritus)